## MAX WOLPE: INSIG IN DIE PSIGE VAN DIE STADSBEWONER

# Interne ongemak en lewensangs

**In sy kuns belig Max Wolpe, 'n kunstenaar so eie aan die stadskom soos Kloofstraat, sy geliefde Kaapstad waar die inwoners toenemend vervreemd voel. Henk Serfontein het hom besoek.**

My kommunikasie met die skilder Max Wolpe het reeds in 2011 begin toe ek die kurator was van 'n uitstalling met die titel *Terpentyn*, wat aangebied is op die Suidoosterfees by die Kunstekaap in Kaapstad. Die uitstalling het werk ingesluit van kontemporêre skilders wat die stad as geografiese plek op 'n genuanseerde wyse ondersoek.

Uitbeeldings het gewissel van landskappe, soos dié van Willie Bester waarin kulturele identiteit, erfenis en trauma verken word, tot 'n straattoneel van Langstraat deur Wolpe waarin 'n wemelende skare op 'n bykans chaotiese wyse die stedelike ervaring se sielkundige impak uitbeeld.

Wolpe het op daardie stadium nie 'n selfoon besit nie en ek het met hom gekommunikeer deur briefies op die windskerm van sy motor te los, wat geparkeer was voor die huis naby aan Bo-Oranjestraat, wat hy sedert 1968 bewoon. Dit is op die windskerm van hierdie motor waarin sy deelname aan die uitstalling deurgehaak was, voor die huis wat hy as "mock Victorian" beskryf.

Dis in hierdie einste motor wat ek hom in Desember weer voor sy huis ontmoet, waarin hy, gemaklik op die bestuursitplek, na Cape Talk sit en luister. Onpretensieus soos hy is, knoop hy nie 'n gesprek aan oor die ekspressionisme van Chaïm Soutine of Gerard Sekoto nie, maar eerder dadelik oor sy gunstelingsokkerspanne, Liverpool en Cape Town City.

Wolpe is so deel van die stadskom as Checkers, Mixa's en die biblioteek in Kloofstraat. Die kans is redelik groot dat jy in hom sal vasloop in die Gardens Centre-winkelsentrum. Met Wolpe se eiesoortige, bykans boheemse voorkoms en indrukwekkende grys baard is hy 'n herkenbare en uiters geliefde karakter. Effens onkonvensioneel, maar 'n beroemde skilder wat onlangs 'n uitstalling met die titel *Bohemian Safari* in die Isaac Benigson Old and Interesting-galery in Londen aangebied het. Dít benewens die indrukwekkende oorsigtentoonstelling met die titel *Max Wolpe's 11*, wat hy 'n paar jaar gelede in die Cape Town Holocaust & Genocide Centre in Kaapstad aangebied het.

Wys vir iemand 'n foto van Wolpe en die reaksie sal bes moontlik "I've seen him at Gardens Centre" wees.

**Aangetrokke tot die stad**

Dit is die stad waarna Wolpe in 'n soortgelyke wyse as die vroeë Duitse ekspressioniste soos Ernst Ludwig Kirchner aangetrokke is in sy skilderwerk. Die stad word uitgebeeld as 'n ruimte van teenstrydigheid, deels dinamies en energiek, maar tog ook 'n plek wat vervreemdend kan inwerk op die individu, waarin 'n verhoogde angs rondom isolasie en die verlies aan individualiteit ervaar kan word.

Sy stedelike ruimtes word dikwels gevul met lewendige uitbeeldings van 'n verskeidenheid randfigure in sy herkenbare ekspressionistiese styl, met woelige, dringende kwasmerke. Die kleur swart ontbreek dikwels in sy gesofistikeerde kleurpalet, wat eerder bestaan uit silweragtige komplimentêre gryse. Hierdie kleure word verkry deur die vermenging van teenoorgesteldes op die kleurwiel, soos kobaltblou met oker, rooibruin met terre verte-groen, om subtiele groenerige gryse te skep.

Sy sosiale kommentaar is satiries. Hy kombineer sy ekspressionistiese styl met bykans karikatuuragtige uitbeeldings, van die verskeidenheid karakters wat hy in die stad identifiseer. In sy skilderye ontmoet jy die veganis-anargis, die latte-drinkers in Bootleggers, die glyjakkalse en manteldraaiers. In meer onlangse skilderye beeld hy die burlesk-dansers en ewe entoesiastiese skare, wat hy by 'n spulse vertoning by die Kasteel de Goede Hoop raakgeloop het. Sy wye lens sluit die dansvertoning in, maar suggereer dat die skare 'n vertoning opsigself is.



'n Portret van die kunstenaar Max Wolpe deur Pieter Hugo. Foto: PIETER HUGO

Daar is ook verskeie portrette van die koorsanger in die cowboyhoed met die naam Maria, 'n gereelde besoeker aan Gardens Centre. Ek sal dié portrette as aweregse, selfs effens stoute visuele uitbeeldings beskryf wat liggies die spot dryf met die sitters. Wanneer die kyker langer tyd met die werke deurbring, word dit duidelik dat Wolpe die angste en komplekse psigologie van die mens uitbeeld.

Die skilderye skep die indruk van 'n fyn waarnemingsvermoë, maar gaan 'n stappie verder: Dit skep insig in die psige van die stadsbewoner waarin 'n sekere sosiale dinamiek gesuggereer word.

**Rolspelers in kunswêreld uitgebeeld**

Die reeks portretstudies sluit ook werke in van rolspelers in die kunswêreld, 'n gemeenskap wat Wolpe as warm en tegemoetkomend teenoor hom ervaar. Daar is die skilderye van skares wat byeenkomste soos Early Fridays, 'n sosiale inisiatief deur die Michaelis-kunsstudente, uitbeeld. In hierdie skilderye beeld hy die frenetiese energie van die watergate van Langstraat soos Bob's Bar uit.

Daar is die portret van die vermaarde kunskritikus Lloyd Pollak, bekend vir sy skerp tong en indringende oë, asook 'n portret as verbeeldingsvlug, waarin die kurator Kirsty Cockerill op 'n seilboot uitgebeeld word met blonde hare in 'n onstuimige, groenblou, modderige see.


Max Wolpe se uitbeelding van 'n burlesk-dansvertoning in Kaapstad. Foto: MAX WOLPE



'n Portretstudie van die kunskritikus Lloyd Pollak deur Max Wolpe. Foto: MAX WOLPE

Hierdie portrette word sonder die medewete van die sitters geskilder. Wolpe maak hierin staat op sy geheue. Dis deels herinnering, maar ook 'n gekonstrueerde fantasie. Die portret word dikwels op Wolpe se esel 'n rebelse daad. Dis 'n kompromislose visie wat nie toestemming vra nie en hy verklaar self: "I don't think they will approve and I don't ask them."

Tog is dit juis deur Wolpe se onversetlike ingesteldheid waarin ons insig kry in sy verwikkelde verhouding met die stad en sy bewoners. Hy artikuleer in sy skilderye sy eie teenstrydige posisie: dié van 'n binne- en buitestander en vind in sy eie, speelse variasie van ekspressionisme, die voertuig vir sy visie.

**Verwerp die werklikheid**

Wolpe verwerp die werklikheid in die distorsie en oordrewe figure met hul onnatuurlike proporsies en plaas eerder klem op die interne ongemak en lewensangs van die figure. Dit is sy visuele taal wat die ontheemding van die kontemporêre individu in die stad gevoelvol kommunikeer. Kleur wórd emosie in sy werk. Die olieverf in skakerings van gesofistikeerde grys kommunikeer in 'n mineurtoonwaarde. Die kleurpalet in die waterverfwerke is meer sprankelend met hier en daar aksente van robuuste kleur, wat in gevoelswaarde die angs en konfrontasie in die disharmonie van die individu met stad artikuleer.

Wanneer ek na sy kunswerke kyk, word ek herinner aan die toenemende ontheemding wat ek self in Kaapstad ervaar. 'n Stad wat bykans onherkenbaar word met die onbeheerde gentrifikasie en verdigting, ongereguleerde Airbnb's en skynbaar onoplosbare ruimtelike apartheid.

Dit neem 'n kunstenaar met 'n beginselvaste stem, in 'n "mock Victorian", om ons te herinner dat stedelike ruimtes plekke moet wees wat aan almal se behoeftes moet voorsien. Wolpe se werk resoneer met die ekspressionisme se gemoeidheid met maatskaplike kritiek, maar die werk is ook soveel meer. As skerp waarnemer en satirikus skep hy 'n tydige waarskuwing oor Kaapstad, waarvan die blou onderrok uithang en flap in die wispelturige suidoostewind.

■ Die Ruby Blankfield-galery in Kaapstad bied van 4 Maart tot 13 April Wolpe se solo-uitstalling met die titel *Burlesque* aan.

Besoek gerus die webblad www.rubyblankfield.com.

# Bruinders-skoonma inspireer Riaan Grobler se 3de roman

**AJ Opperman**

Die akteur en sanger Alvin Bruinders se skoonma is die inspirasie vir die hoofkarakter in die skrywer Riaan Grobler se derde roman, *Die avonture van Helga Roets*.

"Sy kleur ook haar hare pienk, soos Helga," sê Grobler.

"Haar naam is Hettie Koch. Sy is Alvin se skoonma (en sy vrou, Anrika, se ma) en ek ken haar al bitter lank. Sy is 'n *go-getter* en niks kry haar onder nie. Sy is inspirerend en 'n verskriklik dinamiese vrou.

"Ek het by haar en haar man gewoon toe ek op universiteit was."

*Die avonture van Helga Roets* word op 23 Januarie deur Human & Rousseau uitgegee.

Helga is ouer as 80 en woon byna vyf jaar in die Silwerhare-aftreeoord in Pretoria.

Dit was vir haar 'n aanpassing, maar nou voel sy tuis. Sy het nog 'n motortjie waarmee sy gereeld winkel toe ry en sy kuier dikwels by vriendinne en bekyk mense wanneer sy in 'n koffiewinkel sit.

Maar dan kry sy 'n skok wanneer makulêre degenerasie, 'n oogtoestand wat die sentrale gedeelte van sig aantas, by haar gediagnoseer word.

Grobler, ook 'n akteur, sanger en RSG-musieksamesteller,


Riaan Grobler Foto: PICTURE PERFECT STUDIOS CENTURION




se vorige twee romans, *Geheime op Philadelphia* en *Hospitaal Weltevreden*, het by Luca verskyn en het 'n geestelike inslag.

Sy derde roman is 'n sekulêre boek.

"Die eerste twee romans was per toeval geestelik; eintlik die eerste een en toe gee Luca my die tweede geleentheid vir 'n roman," aldus Grobler.

"Maar ek wil nie gestereotipeer word as 'n geestelike skrywer nie, want dit is ek nie.

"Ek het met die derde boek 'n bietjie van genre verander en meer humor bygevoeg.

"Daar is nie veel dinge anders nie, maar dit het nie 'n Christelike ondertoon nie."

Grobler skryf reeds aan sy vierde roman.

Toe hy in Sodwana en Mosambiek met vakansie was, het mense hom herken en vertel hulle lees sy boeke.

"Hulle het gesê ek moet asseblief nie ophou skryf nie, want hulle geniet my boeke verskriklik baie. So, daar is 'n nuwe groep mense wat my volg en dis vir my lekker om mense te ontmoet."

Grobler is ingeskryf vir 'n honneursgraad in joernalistiek en mediastudies aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Daarby reik hy en die sangeres Jomari eersdaags weer 'n enkelsnit uit.

"Dit is vir my ongelooflik terapeuties om te skryf," sê Grobler. "Ek is bipolêr en skryf is vir my 'n goeie uitlaatklep. Dis iets wat ek die res van my lewe wil doen. Die dae dat ek 'af' voel, vat ek my rekenaar en skryf en dis partykeer wanneer die beste hoofstukke uitkom.

"So, ek is geseënd in daardie opsig."

**– aj.opperman@24.com**

# Nolan klits antieke verhaal op vir 2026 se grootste uitreiking

**Laetitia Pople**

Die mensdom se oudste epiese verhaal, die *Odussee*, reis skouspelagtig na die silwerdoek danksy die Britse regisseur Christopher Nolan.

Sy volgende projek lê gewoonlik daar waar 'n leemte in die rolprentkuns bestaan, en dié keer wou die visioenêre Nolan (*The Dark Knight, Interstellar, Inception* en *Oppenheimer*) die mitologiese rolprent *The Odyssey* takel, en ook klee in die grootse Imax-behandeling soos sy ander flieks.

Hy wou ook delf in die moontlikhede van die jongste toerusting, en met 'n loketkraker-begroting van nagenoeg $250 miljoen kon hy die antieke verhaal wat dateer van die 8ste of 7de eeu v.C. behoorlik opklits. Die eerste voorprent van die langverwagte fliek is in die feestyd uitgereik.

Nolan is een van die min eietydse rolprentmakers wat gehore weer na die bioskoop kan lok.

*Oppenheimer* se totale verdienste wêreldwyd was nagenoeg $975,8 miljoen.

Nolan werk ook nou vir die vyfde keer saam met die kinematograaf Hoyte van Hoytema, wat sy omvattende visie kan help vergestalt.

Die klankbaan is deur Ludwig Göransson gekomponeer, bekend vir *Oppenheimer* en ook vir verlede jaar se wegholtreffer *Sinners*.


Die regisseur Christopher Nolan. Foto: GETTY IMAGES

Dat die Italiaanse rolprentmaker Uberto Pasolini verlede jaar *The Return* met Ralph Fiennes in die rol van Odusseus en Juliette Binoche in die rol van Penelope voltooi het, het Nolan geensins afgeskrik nie. Kort nadat hy vroeg in 2024 die Oscar vir beste rolprent en regisseur (*Oppenheimer*) ontvang het, het hy die draaiboek van *The Odyssey*, sy 13de fliek, voltooi.

Sy fliek sal veel anders wees.

'n Fantasieryke avontuurverhaal wat in 91 dae verfilm sou word, hoofsaaklik op die eiland Favignana in Sicilië en ook die nabygeleë Eoliese Eilande, Marokko (Troje), Ysland en die Verenigde Koninkryk.

Dat Matt Damon die rol van die Griekse koning Odusseus gaan vertolk, was eerste bekend.

Damon was in kleiner rolle in Nolan se *Interstellar* en *Oppenheimer* te sien. Nolan speel sy kaarte oor sy rolprentprojekte gewoonlik naby die bors. Min was bekend oor sy flieks voordat hulle kant en klaar verfilm was.

Die afwagting is so groot dat kaartjies vir die heel eerste vertoning op 17 Julie 2026 al uitverkoop is ná 'n bemarkingsveldtog in Julie verlede jaar. Die fliek was toe nog nie eens voltooi nie.


*The Odyssey* word op 17 Julie uitgereik. Foto: VERSKAF

Dit lyk reeds of dit een van 2026 se grootste – indien nie dié grootste nie – fliek gaan wees.

Nolan het die regte mengsel van akteurs gekies vir *The Odyssey*. Daar is gedugte akteurs by wie die ouer garde aanklank vind, en ook blinknuwe sterre vir die jonger geslag.

Soos met *Oppenheimer* wil hy sy fliek in rolprentteaters uitreik en so die eksklusiewe aantrekkingskrag van die grootskerm-ervaring vier – vir daardie spesiale ervaring om 'n rolprent saam met ander mense te beleef.

Charlize Theron is te sien as die magtige towenares Circe, wat mans in varke verander.

Benewens Damon en Theron sluit die rolverdeling in Anne Hathaway (haar derde rol in 'n Nolan-fliek), Tom Holland, Robert Pattinson, Zendaya, Benny Safdie, Mia Goth (*Frankenstein*), Lupita Nyong'o en Samantha Morton.

Odusseus is die dapper en glorieryke oorlogsheld wat ná die Trojaanse Oorlog nog 'n verdere tien jaar neem om huis toe te kom. Sy vaderland, Ithaca, en sy geduldige vrou, Penelope (Hathaway), asook sy seun, Telemachus (Holland), wag vergeefs op hom.

Die wispelturige gode, verskeie monsters soos die Sikloop en uitdagende ompaaie gooi Odusseus van koers af. Gaan Penelope vir hom bly wag, en hoe gaan hy die verlore jare met sy enigste seun inhaal wat sonder hom grootgeword het?

Die verhaal dui op die mens se lewensreis waar onsekerheid en verandering die enigste waarborg is. Hoewel baie in die lewe buite die mens se beheer lê, kan die lewenspad gevul wees met vreugde en liefde.

Getrou aan die rolprentmaker se vorige flieks kan gehore midde die asemrowende skouspel ook bepeinsing verwag, soos die voorprent reeds verklap.

*The Odyssey* word op 17 Julie wêreldwyd uitgereik.

**– Laetitia.Pople@24.com**